



Op reis na (n)êrens

OOM DANIE SKRYF...

DEEL 4

Grendelstraat 39
Locktown
2020

3 Mei 2020

Liewe dominee Braam

Dis is al weer jou oom Danie. Voor ek begin kla, wil ek net sê dit gaan nie goed met ou Seef en Serra nie. Seker maar die inperking, maar ek dink drank speel ook 'n rol. As Dominee my vra, is daar niks meer oor in daai huis nie. Dominee weet van wie ek praat. Wyk 4, hulle sit altyd regs agter. Dis nou as jy van Dominee se kant af kyk. Sefie is raadop. Hy sê ou Serra sê as sy eerste aan die virus sterf, erf hy wat Sefie is, net haar masker. Dink Dominee sy het planne?

Ek sê vir ou Seef dit sal weer beter gaan ou maat, maar hy sê die probleem lê veel dieper. Hy sê die ding is Serra is vinnig gemaak en hy is stadig gemaak, as Dominee verstaan wat Oom bedoel. Hy sê vir my ou Danie die wêreld het feitlik tot stilstand gekom en sy wil als gister gedoen hê. Dominee Braam, daai tannie kan agt wortelskil in die tyd wat 'n gewone mens een skil. Ai Dooms ek ken daai man se pyn. As jy vir 'n man vra om 'n ding te doen, sál hy dit doen. Jy hoef hom nie elke twee weke daaraan te herinner nie. Om eerlik te wees Dominee, hul moeilikheid het reeds met die wittebrood begin. Serra wou Margate toe en ou Seef het sy hart op 'n Mansetotti gesit. Ou Seef vertel my dit was so hittete of hulle het op hul troudag geskei. Ai dominee Braam jy't so raad vir alles. Help tog asseblief. Die windjie begin koud word, nê Dominee. Ek en die tannie het

maar weer die onderklere uit die kas gaan haal. Mens moet maar versigtig wees vir koue vat. Of hoe, Dominee?

Met die onderklere by, moes Oom al weer 'n slag vir waspoeier ry. Na my ongelukkie met die trollie en die blikkieskos, weier die tannie om saam te gaan. Ek koop nou maar by die Pakistanie. Hy't nie alles nie Dominee, maar sy pryse is billik en die mense ken ons nie daar nie.

Dominee Braam, jy sal my nie glo nie. Ons gras is gesny! My Doompie, het jy al met 'n seer enkel en 'n kiere probeer grassnyer stoot? Dit wil gedoen wees, sê ek jou, Dominee.

Dominee dit het als begin met 'n stupid ding van my. Die tannie sê as die hokslaan verby is, gaan sy al haar ou klere vir die mense gee wat so honger ly. Ek sê toe mense wat in haar klere pas, ly nie honger nie. Toe word sy rooi en baie stil en gryp haar grassnyer...

Ai Dominee, jou oom moes mooitrap om uit die een te kom. Dit kos my daai spesiale botteltjie wat ons by ons matriek-reünie gekry het. Die een waarvoor Oom so jammer was. Die een met die skoolwapen en ons name op. Ek en die tannie het mos op Zastron

groot geraak. Het die spul nou oud geword en vet! Dominee sal nie glo nie!

Ons het die bottel maar weer op die rak gesit. Het Dominee geweet flou tee in 'n bottel lyk nes wyn? Met die baie tyd vir dink, wonder ek en die tannie hoeveel nagmaalwyn word nou oud in ons kerke.

Ai Dominee, ons verlang so terug kerk toe. Veral nagmaal. Ek en die tannie praat so, ons gaan maar oorslaan groot beker toe, as dit reg is met Dominee. Die tannie sê newermaand die kieme, ons moet net in die voorste bank sit en seker maak ons sluk voor ou Japie Koortse sy snor in die beker druk. Verder gaan dit goed. Ons kla mos nie maklik nie. Pas julle op en sê tog groete vir liewe Mevroutjie.



Groetnis.
Oom Daantjie

(Amper vergeet ek, Dominee, kan ons nie by ons kerkbasaar 'n wortelskilkompetisie inbring nie? Sal graag ou Serra teen my ou tannie wou sien...)

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak Silma Petzer kantoorure 058 852 3033.

VISVANG-KOMPETISIE

LEER, SPEEL, LAG! MARK OMT LIG!

Kleuterkasteel

27 MAART 2021

INLOOP PLAAS (HERMAN CLAASEN)

GROOT PRYSE & GELUKKIGE TREKKINGS

KAARTJIES BESKIKBAAR BY: Kleuters & Kleuterkasteelkantoor. Kaartjies sal ook by hek beskikbaar wees.

NAVRAE: 058 853 0930

Late-Nite Video
Heilbron

Latest Movie Releases!

NOW AVAILABLE

BECKY
LETHAL
DOORMAN

072 807 7790
076 868 3837

PLOEG SEMOER

Egte
LEER BELDE

WERNER | 060 524 5567
JEANNE | 076 813 2751

www.ploegsemoer.com

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND

R92.95
ACC 200
25 Tablets

R129.95
LINTAGON-C
20 Tablets

R55.95
GRAND-PA
38 Powders

R44.95
CALPOL
100ml

New gulden free products available!

063 721 4950 087 527 0723
platteland@thelocalchoice.co.za
57 Wentworth Straat, Wentworth Square, Heilbron